

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 4 Junie 2017 – Pinkster**

**Sing vooraf staande:** Psalm 87:4, 5 (p. 438)

- 4 Hul almal, nou tot nuwe heil verkore, / sal kom, selfs uit die allerverste land.  
Hul sien God hou die moederstad in stand / en jubel: Dié en dié is daar gebore!
- 5 Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle, / een-een, gebore uit die volkeskaar;  
en singend, juigend klink die lofstem daar: / Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 111:1, 2 (p. 553)

- 1 'k Sal met my ganse hart die HEER / met die opregtes loof en eer – / die Gode dankb're duisendtalle.  
Sy werk is groot die wêreld deur, / dit word deur almal nagespeur / wat daarin soek 'n welgevalle.
- 2 Sy dade<sup>o</sup>is enkel majesteit, / aanbiddelike heerlikheid, / en sy geregtigheid onendig.  
Sy wonders staan in rots gegrif, / en sy genade<sup>o</sup>in ewige skrif / vir al wie arm is en ellendig.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Skrifberyming 9-1:1, 10, 11 (Sb 26)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,  
deur wolke<sup>o</sup>en donkerheid omswewe, / sy wet op Horeb het gegee:
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.  
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade<sup>o</sup>is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

Skrifberyming 8-1:1, 2 (Sb 14)

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein.”  
En van alle<sup>o</sup>onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.  
“Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;  
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 “'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.  
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry  
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My.”

**Skriflesing:** Esegïel 37:1-14

**Kernverse:** Esegïel 37:11-14

**Toe sê Hy vir my: Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Israel. Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons! Daarom, profeteer en sê aan hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Israel. En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE.**

(Esegïel 37:11-14 AFR53)

**Tema:** Die vernuwing waarna ons moet soek

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, verandering van watter aard ook al is vir baie mense ongemaklik. Wanneer 'n mens eers gemaklik en tuis geraak het op 'n plek is dit swaar om dan te verander. Dit is swaar, want 'n mens weet nie of die verandering goed sal wees nie. Aan die ander kant is die verandering ook vreemd, want jy beweeg van dit wat bekend is na iets wat nog onbekend is. Sommige van ons ken so 'n verandering wat jou lewe kan omkrap. Dink maar net watter omwenteling daar kom as jy van een dorp na 'n ander een verhuis, of as jy uit jou huis, waar jy al oud geword het, na 'n aftreeoord moet verhuis. Natuurlik word nie almal se lewens deur so 'n verandering omgekrap nie. Daar is ook mense wat hou van veranderings. Veranderings is vir hulle 'n avontuur en hulle is opgewonde daarvoor.

Maar as daar nou een plek is waar mense omtrent glad nie hou van verandering nie, is dit in die kerk. Vernuwing is 'n woord wat maak dat lidmate se nekhare sommer dadelik orent staan. Lidmate dink dadelik dat allerhande volksvreemde idees nou in die erediens ingevoer gaan word. Dit is beslis nie verkeerd as 'n mens so bietjie versigtig is wanneer iemand met praatjies van verandering en vernuwing kom nie. 'n Mens kan mos nie sê dat alles wat ons tot nou toe gedoen het verkeerd is nie. Maar dan moet 'n mens ook kan vra of alles wat ons doen altyd honderd persent reg is? Is die manier waarop ons kerk van die Here Jesus is regtig honderd persent in ooreenstemming met wat Hy van ons verwag, of het ons maar net gemaklik en tuis geword daarmee?

Vrae soos hierdie kan verseker 'n lewendige debat onder ons veroorsaak en daar was al lewendige gesprekke oor verandering. Broers, susters en kinders, wanneer daar oor vernuwing gepraat word, moet ons met mekaar praat, nie oor of ons moet vernuwe of nie, maar wat en hoe ons moet vernuwe. Die vraag wat die Heilige Gees vanoggend in ons midde lê gaan juis oor wat en hoe ons moet vernuwe.

Die Here het sy profeet Esegïel deur sy Gees meegevoer en in 'n laagte gebring. Hierdie laagte het vol bene van dooie mense gelê. Die Here het Esegïel tussen die bene laat deurloop. Orals het bene rondgelê, nie netjies bymekaar nie maar verspreid en verstrooid oor die hele laagte. En Esegïel het opgemerk dat hierdie bene baie droog was. Dit lyk soos bene wat spierwit en horingdroog gebrand is deur die son.

Geliefdes, wanneer ons mooi na hierdie Skrifgedeelte kyk, sal ons sien dat die eerste 10 verse 'n gesig is wat die Here vir Esegïel wys en in ons kernverse gee die Here self die verklaring van die gesig. Hierdie bene stel die hele Israel voor, sê die Here. Dit is Israel

wat in ballingskap weggevoer is. Hulle is uit hulle land ontwortel en leef nou verstrooid in die vreemde.

Die Here vra vir sy profeet:

**Mensekind, kan hierdie bene lewendig word? (Esegiël 37:3 AFR53)**

Enige mens weet dat daar nie sommer vanself weer lewe in sulke droë bene sal kan kom nie. Net so min sal Israel vanself kan vernuwe en herlewe. Trouens, hulle het dit self gesê: Ons bene is droog. Israel is weens hulle sonde in die ballingskap. Hulle is moedeloos. Hulle glo nie eers meer in hulleself nie. Hulle sien net geen moontlikheid vir herlewing nie.

Maar wat nog erger is, is die feit dat hulle sê:

**Ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons! (Esegiël 37:11 AFR53)**

Om moedeloos en hopeloos te wees is al erg, maar om selfs sover te gaan om te sê dat daar geen verwagting meer is nie, is verskriklik erg. Daarmee het Israel eintlik gesê: Ons God!? Waar is Hy? Hy is weg. Hy het sy verbondsbeloftes vergeet. Ons is nou aan onself oorgelaat en ons sal niks kan doen nie. Ons sal maar bly soos ons is – dorre bene.

Dit is mos wat gebeur wanneer kleingeloof jou beetgepak. Kleingeloof is 'n aaklige ding. Kleingeloof laat jou so goed as niks meer dink van die Here en sy almag nie. Omdat die wêreld vir jou so donker geword het in jou moedeloosheid, neem jy sommer aan dat die Here ook nou weg is. Hy sal niks meer aan jou omstandighede kan doen nie.

Het die Here vir Israel afgeskryf oor hierdie praatjies en gedagtes? Nee. Skryf die Here sy kerk af omdat sy dink daar is nie meer ruimte vir vernuwing nie – omdat sy tevrede geraak het oor hoe sy lyk en lewe? Nee. Dieselfde wat die Here met Israel gedoen het, sal Hy ook met sy kerk laat gebeur – Hy sal lewe gee!

Ons het nou gehoor hoe Israel gepraat het omdat kleingeloof hulle beetgepak het. Luister nou hoe praat iemand wie se hart op die Here gerig is en wat met verlange kyk wat die Here gaan doen omdat hy weet dat sy God lewe. Esegiël het nie vir die Here gesê: Nee, Here, hierdie bene sal nooit weer kan lewe nie. Hy het ook nie gesê dat daar eers gewag moet word om 'n paar somme te maak oor die geld en die politieke omstandighede nie. Hy antwoord eenvoudig:

**Here HERE, U weet dit. (Esegiël 37:3 AFR53)**

Die herlewing van daardie baie bene kan net deur die Here self gedoen word. Die herlewing van Israel uit hulle doodsheid en moedeloosheid kan net deur die Here bewerkstellig word. Israel moet weet dat hulle vernuwing net deur die Here alleen gedoen kan word. Daarom moet Esegiël vir hulle profeteer wat die Here sê:

**En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE. (Esegiël 37:14 AFR53)**

Iemand sal nou kan vra: Is hierdie gemeente dan dood soos Israel dood was? Wanneer daar na baie jong mense geluister word dan is die kerk volgens hulle dood. En vir baie is die Gereformeerde kerke nie meer 'n stem om na te luister nie. Goed, ons weet wat jong mense sê. Maar wat dink die Here van ons? Dink Hy ook dat ons dood is? Hieroor moet ons nou maar self beoordeel. Kom ons vra onself af wat het ons nou eintlik in hierdie afgelope week gedoen sodat die Here se Naam in hierdie stad gehoor kon word? Hoe het

ek en jy die afgelope week die liefde en die genade van die Here teenoor 'n ander broer en suster van ons uitgeleef? Het ek en jy vir iemand wat saam met ons die Here hier aanbid in die afgelope week ten minste gebid of net gebel om te hoor hoe dit met hulle gaan? Kon die mense saam met wie ons werk in die afgelope week vir Jesus Christus in ons lewens raaksien?

Ons kan alles mooi netjies hê, broers en susters. En ons het alles mooi netjies. Ons het 'n kerkgebou waar ons Sondae bymekaarkom. Ons hoor die Woord van die Here Sondag na Sondag en ons is dankbaar dat die Here sy Woord suiwer laat verkondig. Ons gee ons dankoffers. Ons kom in die eredienste. Maar is dit al wat ons kan opnoem op die vraag of ons werklik lewe? Dan is ek bevrees dat ons nog ver tekort skiet. As 'n kerk nie alles gaan begin doen wat die Here van haar verwag nie, is sy nie heeltemal lewendig nie en net Hy kan haar lewendig maak.

Hoe doen die Here dit? Esegiël het ook nie geweet hoe die Here vir Israel weer lewendig sal maak nie, wat nog te sê van die droë bene. Maar hoor nou hoe maak die Here dooies lewendig. Die Here het vir Esegiël beveel om vir die droë bene in die laagte te preek. 'n Mens wat die Here en sy almag nie ken nie, sal maklik sê: Wat 'n belaglike opdrag. Esegiël het egter die Here geken as die lewende God, die Almagtige. En sonder om twee keer te dink begin hy preek. Toe gebeur die wonder. Die droë bene het na mekaar toe gekom. Elke been by die been waar hy pas. En daar het senings en vleis aan die bene gekom en vel oor die liggame. En toe Esegiël die gees roep het die Here gees in die liggame gegee en hulle het lewendig regop gaan staan.

Hoe maak die Here lewendig? Hy doen dit met sy Woord en Gees. En vir Israel het dit inderdaad ook nie anders gewerk nie. As dienskneg van die Here moes Esegiël eenvoudig net die Woord van die Here aan Israel verkondig het – vir hulle gaan sê wat die Here gesê het, naamlik dat Hy hulle uit die ballingskap, dit was hulle grafte, sal laat uitkom en in hulle eie land terugbring. En as die Here gesê het dat Hy iets gaan doen, kan ons maar weet dat Hy dit sal doen.

Die Here het vir Israel uit die ballingskap teruggebring na hulle land toe. Maar Israel wat teruggekeer het na hulle land toe was nog soos die bene wat nog net vleis en vel om gekry het. Daar was 'n beroering en 'n gedreun van die volk van die Here wat teruggekeer het, maar die ware lewensgees was nog nie in hulle nie. In die tyd toe Jesus op aarde was het Hy dit pertinent gesê. Die godsdienste van die Fariseërs met al die baie gebooe en wette was soos wit gepleisterde grafte vol doodsbenedere. Daar was nie 'n lewendige opgewondenheid om die Here te dien nie. Godsdienste was soos 'n roetine, 'n plig wat gedoen moet word.

Maar toe breek Pinksterdag aan en die Here gee sy Gees soos Hy in die tyd van Esegiël beloof het. Dadelik het daar lewe gekom in die ware Israeliete. Hulle in wie die Gees gekom het, het van God se groot daade vertel – vertel hoe Hy mense deur die bloed van Christus as sy kinders gekoop het. En op hierdie verkondiging van die Here se Woord het die Heilige Gees in nog drieduisend ander mense ook gekom en hulle het in Christus geglo. En hierdie gelowiges het weer verder gegaan, en begeesterd het hulle ook vir ander mense gaan vertel en getuig van die liefde en genade van die Here.

Die Here het inderdaad sy volk vernuwe, lewendig gemaak. En deur sulke mense wat deur die Gees nuut gemaak is, word die Woord van die Here nog steeds oor die lengte en breedte van die aarde verkondig. Tot vandag toe bring die Heilige Gees deur die Woord

mense tot geloof in Jesus Christus totdat die koninkryk van God vol is van 'n ontelbare getal op wie die Naam van Christus geskryf staan.

Broers, susters en kinders, ons glo in Jesus Christus. Ons glo dat Hy ons van die doodsheid van ons sondes gered het. Omdat ons dit glo, kan ons seker weet dat die Here sy Gees ook in ons laat kom het. Dit is immers die Heilige Gees wat in jou en in my die geloof gewerk het sodat ons kan glo dat Jesus Christus ons verlos het. Die Heilige Gees woon en werk dus in ons.

As dit dan waar is dat die Heilige Gees in ons is, en ek is oortuig dit is so, hoekom gebeur dit dan dat ons nog soos losstaande individue hier saamkom in 'n erediens? Elkeen op sy eie houtjie! Ons behoort as gemeente saam een te wees, want dit is een en dieselfde Gees wat in elkeen van ons werksaam is. Hoekom gebeur dit dat ons as gemeente nie ywer om die Skrif tydens Bybelstudie of in huisgodsdienste te ondersoek nie? Ja, daar is Bybelstudiegroepe, maar hoeveel neem deel daaraan? Hoe wys ons as gemeente dat ons dankbaar trots is oor ons belydenis? Wat gaan ons as gemeente saam doen om jong lidmate nog meer toe te rus en te versterk in hulle geloof en hulle verhouding met die Here? As ons maar net dieselfde gaan doen as wat ons in die verlede gedoen het, as ons maar op die ou trant voortgaan, moet ons nie sê dat die Heilige Gees nie in ons aan die werk is nie. Ons durf dit nie sê nie, want dan maak ons van God die Heilige Gees 'n leuenaar.

Geliefdes, ek dink, en ek wil graag hê dat julle saam met my hieroor dink en praat, ek dink dit is 'n kwessie van dat ons nie goed genoeg luister na die Gees wanneer Hy in ons met die Woord van die Here werk nie. Dit is tog die Heilige Gees wat ons verseker dat ons verlore kinders van God is. Dit is Hy wat ons in Christus laat glo. Daarom kan ons nie sê dat die Heilige Gees nie in ons werk nie. Dit is immers ook die Heilige Gees wat ons gewillig en bereid maak om vir Christus te lewe.

Omdat ons oortuig is dat die Heilige Gees wel in ons werk, beteken dit net een ding: ons is onwillig om vir die Here te lewe. Met ons onwilligheid versmoor ons die lewe wat die Heilige Gees in ons opwek, want dit is vir ons gemaklik en rustig om ons verhouding met die Here te leef net soos wat ons dit nou doen. Die enigste inspanning wat dit van ons verg, is om gereeld ons Bybel te lees en te bid, gereeld in die erediens te wees, ons dankoffers te gee, en dan is dit klaar. Ons is dankbaar dat die Gees hierdie dinge in ons werk. Maar kom ons bid dat die Heilige Gees ons gehoorsaam sal maak aan die leiding wat Hy vir ons vanuit die Woord gee deur dan ook alles te begin doen wat die Here van ons verwag. As ons sê ons lewe, moet ons kerk van die Here wees soos mense wat regtig lewendig gemaak is deur sy Heilige Gees.

Elke keer wanneer ek aan ons as gemeente dink, bid ek dat die Here ons nog meer sal bekragtig met sy Gees, sodat ons die kerk kan wees wat Hy van ons maak. Kom ons begin almal daarvoor bid. Ons sal verstom staan as ons sien wat die Here alles deur ons sal doen wanneer ons begin luister na sy stem. En laat ons nooit vergeet dat die Heilige Gees ons net lewendig maak met die Woord van die Here wat verkondig word nie. Daarom, al voel dit vir ons asof die preke nutteloos is, omdat daar nie altyd dadelik iets gebeur in antwoord op die Here se Woord nie, mag ons nooit daarmee ophou nie. Dit klink inderdaad belaglik om te preek vir 'n laagte vol spierwit droë bene. Maar dit is nie die prediker wat die lewe bring nie. Die Here, en Hy alleen, bring lewe in dooie bene en Hy doen dit met sy Gees en Woord.

Geliefdes, die vernuwing waarna ons moet verlang, is nie allerhande tierlantyntjies en foefies nie. Ons moenie snaakse dinge begin doen nie. Ons kan maar alleen net gehoorzaam doen waarin die Heilige Gees ons lei. Dan sal ons werklik lewe. En as hierdie soort vernuwing ons ongemaklik laat voel, beteken dit net dat ons nou al te lank gewoon geraak het om halfpad te lewe in plaas daarvan om voluit vir die Here te lewe.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 8-2:3, 4, 5 (Sb 13)

- 3 Toe was dit, op die dag van fees, / dat hul vervul is met die Gees.  
In loftaal het hul uitgebreek / net soos die Gees dit uit laat spreek.
- 4 Dit is die saak wat die profeet / aan ons verkondig en laat weet:  
“Die laaste tyd, dan sal dit wees / dat Ek sal uitgiet van my Gees.
- 5 “Dan stort Ek met ’n groot geluid / die Gees se reënstrale uit,  
jul seuns en dogters, dan nie meer / van spraak ontbloot, sal profeteer.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

**Katkisasieopening**

Skrifberyming 3-5:1, 8

- 1 Ek is die ware wingerstok; / my Vader gee die groei.  
Die lote wat nie vrugte dra / word deur Hom weggesnoei.
- 8 Wat jul die Vader deur My vra, / sal Hy gee in sy trou.  
Ek stel jul aan om vrug te dra – / die vrug van liefde hóú.

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
4 Junie 2017